



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

NASIENRIGLYNE

Tyd: 2 uur

200 punte

Hierdie nasienriglyne is opgestel vir gebruik deur eksaminators en hulp-eksaminators van wie verwag word om almal 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent vertolk en toegepas word by die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen bespreking of korrespondensie oor enige nasienriglyne voer nie. Ons erken dat daar verskillende standpunte oor sommige aangeleenthede van beklemtoning of detail in die riglyne kan wees. Ons erken ook dat daar sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering verskillende vertolkings van die toepassing van die nasienriglyne kan wees.

VRAAG 1

VOORRAAD

(28 minute)

Verwys na die inligting aangaande die finansiële rekords van Simelane Traders.

- 1.1 Noem **TWEE** redes ter ondersteuning van Simelane Traders se keuse van die deurlopende voorraadstelsel.

- Koste van verkope word in rekening gebring elke keer wanneer 'n item verkoop word. Handelsvoorraadtekorte kan maklik/betyds geïdentifiseer word.
- Die waarde van die handelsvoorraad volgens die boeke kan gekontroleer/vergelyk word met die voorraad op die rakke.

Hoëwaarde-item

- 1.2 Watter ander voorraadstelsel kan Simelane Traders gebruik om hul handelsvoorraad te waardeer?

Periodieke voorraadstelsel.

- 1.3 Bereken die waarde van gesteelde items gedurende plundery, vraggeld ingesluit.

$$\begin{array}{r}
 \text{R9 801,50} \\
 10 \text{ items} \times (\text{R9 786} + \text{R15,50}) = \text{R98 015} \\
 \text{R9 335,50} \\
 8 \text{ items} \times (\text{R9 320} + \text{R15,50}) = \text{R74 684} \\
 \hline
 \text{R172 699} \\
 \text{OF 205 381/22}
 \end{array}$$

- 1.4 Bereken die getal Bluetooth-luidsprekers wat gedurende die jaar verkoop is.

$$22 + 523 - 18 - 50 = 477$$

- 1.5 Bereken die waarde van eindvoorraad soos op 30 Junie 2022 deur die EIEU-metode te gebruik.

$$\begin{array}{r}
 \text{R15 393,50} \\
 50 \text{ items} \times (\text{R15 378} + \text{R15,50}) = \text{R769 675}
 \end{array}$$

1.6 Bereken die koste van verkope vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

14 items × R9 335,50		130 697,00
190 items × R9 801,50		1 862 285,00
193 items × R10 267,50	477 moet ooreenstem met 1.4	1 981 627,50
55 items × R12 830,50		705 677,50
25 items × R15 393,50		384 837,50
Vraggeld op aankope (teruggestuurde items) (7 × R15,50)		108,50
KOSTE VAN VERKOPE		5 065 233

1.7 Bereken bruto wins vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Verkope [5 065 233 × 130/100]	6 584 802,90
Koste van verkope (1.6)	(5 065 233)
BRUTO WINS	1 519 569,90

- 1.8 Indien Simelane Traders gekies het om die geweegdegemiddelde-metode te gebruik om voorraad te waardeer, watter effek sou dit op hul bruto wins gehad het? Verskaf 'n berekening deur relevante inligting en syfers wat in die Inligtingsboekie verskaf is, te gebruik om jou antwoord te ondersteun.

Voorraad voorhande sal wees:

$$\frac{205\,381 + 5\,794\,011 + 8\,215 - 172\,699}{22 + 523 - 18} \quad (1.3)$$

$$\frac{5\,834\,908}{527}$$

11 071,93

∴ 50 luidsprekers × R11 071,93 = R553 597 (1.5 & 1.6)

Deurlopend 1.4: verkope 477 × 11 071,93 (GG) = R5 281 310.61 vs. EIEU R5 065 233

Verskil in voorraadwaardasie = R769 675 – R553 597 = R216 078

Bruto wins sal met R216 078 daal volgens die geweegdegemiddelde-metode.

KVV (GG) – KVV (EIEU) = 216 077.61; KVV hoër met GG; dus minder bruto wins

- 1.9 Simelane Traders oorweeg dit om van die deurlopende voorraadstelsel na 'n ander voorraadstelsel oor te skakel. Noem **EEN** nadeel van die gebruik van hierdie alternatiewe voorraadstelsel.

Kan moeilik wees om die koste van verkope te bereken, aangesien Simelane Traders 'n rekenaar met 'n strepieskodesistelsel sal benodig.

- 1.10 Simelane Traders is besluiteloos oor die verkoopsprys – of hulle dit opwaarts moet aanpas of dit moet handhaaf. Gee vir Simelane Traders **TWEE** punte van advies om die onderneming met besluite te help.

- Die feit dat hulle hul pryse konstant hou, kan 'n probleem wees. Hulle moet dit oorweeg om verkoopspryse te verhoog, want:
 - Die koopprys van voorraad by verskaffers bly maandeliks styg, daarom moet die maatskappy dit oorweeg om die verkoopsprys te verhoog om in ooreenstemming te wees met die prys wat die verskaffers vra.
 - Lig die publiek in oor die redes vir die styging in verkoopspryse, bv. styging in petrol- en elektrisiteitsprys.
 - Minimaliseer die moontlikheid van 'n daling in wins met die moontlikheid om teen 'n verlies te werk. 'n Bykomende wins om verlies te dek neem 'n styging in brandstof- (petrol/diesel) koste in ag wat tot 'n styging in vraggeld kan lei.

OF: Verander nie

- 'n Opponerende standpunt kan wees dat die maatskappy dieselfde verkoopspryse moet handhaaf, aangesien 'n verhoging in prys klante kan laat wegdraai.
- Hang af van die pryssensitiwiteit van die klante, veral as daar 'n ander lewensvatbare mededinger in die area is.

- 1.11 Hou Simelane Traders na jou mening voldoende voorraad voorhande om in sy klante se behoeftes te voorsien? Ondersteun jou antwoord met die gebruik van 'n finansiële aanwyser.

Finansiële aanwyser (3)

Verskeie aanwysers moontlik – om met die 50 luidsprekers voorhande te vergelyk, bv.:

477 luidsprekers verkoop p.j. = 40 (9.75) per maand (50/40) – dit sal 1,25 maande hou
Let wel: Nasieners sal hieronder moet herbereken!

OF

$$\text{Omsetsnelheid van voorraad} = \frac{5\,065\,233 (1.6)}{\frac{1}{2} (205\,381 + 769\,675)(1.5)}$$

$$\frac{5\,065\,233}{487\,528} = \underline{\underline{10,39 \text{ keer}}}$$

OF

$$\text{Tydperk van voorraad voorhande} = \frac{(1.5) 769\,675}{(1.6) 5\,065\,233} \times \frac{365}{1} = \underline{\underline{55,46 \text{ dae}}}$$

Gevolgtrekking (2)

Ja, Simelane Traders het wel genoeg voorraad voorhande, aangesien dit vir 55,46 dae kan hou voor hulle voorraad op is.

OF

Die maatskappy vervang sy voorraad 10,39 keer per jaar, dus sal hulle genoeg voorraad hê.

- 1.12 Indien jy as die interne ouditeur aangestel word, watter interne beheerprosedures sal jy aanbeveel dat Simelane Traders implementeer om foute in die voorraadrekords te minimaliseer? Verskaf **TWEE** punte.

- Inspekteer inkomende voorraad.
 - Etiketleer alle voorraad.
 - Spoor ekstra rekwisities en terugsendings na.
 - Teken vir alle voorraad wat uit die pakhuis/stoorkamer verwyder word.
 - Tel goedere, waardeer dit en vergelyk werklike syfer met saldo op die handelsvoorraad rekening (gereelde voorraadopnames).
 - Skei handelsvoorraad van voorraad wat deur klante besit word.
 - Standaardiseer rekordhouding vir uitsoek van voorraad.
- (Enige geldige antwoord rakende voorraadrekordhouding)

- 1.13 Simelane Traders het nie versekering nie. Noem **EEN** voordeel van versekering.

- Versekering verskaf finansiële beskerming teen skielike verlies.
- Eienaars sal nie finansiëel verantwoordelik wees vir onverwagte teëspoed soos weerverwante katastrofes, brand of diefstal nie. (Ander geldige antwoorde)

VRAAG 2 FINANSIËLE STATE**(34 minute)****Verwys na die inligting aangaande Mulenga Bpk.**

- 2.1 Bereken die waardeverminderingsuitgawe vir die finansiële jaar op die aflewerings-voertuig wat verkoop is. Toon jou stawende berekening.

136 320 (213 000 – 76 680) × 20% × 8/12	18 176
--	--------

- 2.2 Toon die berekening vir die verkoop van die voertuig en dui aan of dit 'n wins/ verlies is.

Kosprys				213 000			
Opgehoopte waardevermindering (76 680 + 18 176 (2.1))				(94 856)			
Bank				(120 714)			
Wins op verkoop van voertuig				2 570			
OF							
20.6		Voertuig	213 000	20.6		Opgehoopte waardevermindering (76 680 + 18 176)	94 856
		Wins op verkoop van voertuig	2 570			Bank	120 714
			215 570				215 570

- 2.3 Verwys na bykomende inligting no. 1 tot 4 en bereken die aangesuiwerde netto wins ná belasting vir die jaar geëindig 30 Junie 2022. Dui aan of die bedrag bygetel of afgetrek sal word. Gebruik hakies () vir negatiewe waardes.
Let wel: Rond berekeninge af tot die naaste rand.

Netto wins voor belasting (155 780/25%)	623 120
Waardevermindering op voertuig verkoop (2.1)	(18 176)
Wins op verkoop van voertuig (2.2)	2 570
Bemarkingsuitgawes	3 390
Voorsiening vir oninbare skuld-aansuiwering	9 725
Netto wins voor belasting (ná aansuiwering)	620 629
Inkomstebelasting (620 629 × 30%)	(186 189)
Netto wins ná belasting	434 440

- 2.4 Bereken die gemiddelde aandeleprys (rond af tot twee desimale plekke).

(10 067 630 + 393 750) / (940 900 + 31 500)	R10,76
---	--------

- 2.5 Voltooi die volgende aantekeninge by die finansiële state soos dit op 30 Junie 2022 sou verskyn het. Alle berekeninge moet getoon word.

2.5.1 Gewone aandelekapitaal

GEMAGTIG	
2 000 000 gewone aandele	
UITGEREIK	
940 900 gewone aandele uitgereik aan begin van finansiële jaar	10 067 630
31 500 aandele van R12,50 elk gedurende die jaar uitgereik	393 750
13 400 aandele teruggekoop (gemiddelde prys R10,76) (2.4)	(144 184)
959 000 gewone aandele uitgereik aan einde van finansiële jaar	10 317 196

2.5.2 Behoue inkomste

Behoue inkomste aan begin van die jaar	1 929 817
Netto wins na belasting vir die jaar	434 440
Terugkoop van 13 400 aandele teen R8.60 (2.3) 19.36 – 10.76	(115 240)
Dividende op gewone aandele	(337 660)
Betaal/Tussentyds $(940\,900 + 31\,500) \times 15$ sent	145 860
Aanbeveel/Finaal $(959\,000 \times 20)$ sent	191 800
Behoue inkomste aan einde van jaar	1 911 357

2.6 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2022.

Let wel: Waar aantekeninge nie verlang word nie, toon berekeninge tussen hakies om gedeeltelike punte te verdien. Items wat deel vorm van handels- en ander ontvangbare rekeninge/bedrae betaalbaar moet afsonderlik in die Staat van Finansiële Posisie openbaar word.

BATES	Berekeninge:	
Niebedryfsbates		Moenie bereken nie
Vaste (tasbare) bates	(6 485 323 – 18 176 – 213 000 + 94 856 (2.2))	6 349 003
Belegging in Farai Bank		2 877 000
Bedryfsbates		Moenie bereken nie
Handelsvoorraad		2 980 665
Handelsdebiteure	(5 965 279 + 9 725 aans4)	5 975 004
Ontvangbare lening		109 000
Opgelope inkomste		47 399
Vooruitbetaalde uitgawes		3 390
Kontant en kontant-ekwivalente	(4 230 041 + 120 714 aans2 – 259 424(13 400 × 19.36) terugkoop van aandele – 145 860 aans8)	3 859 346
TOTALE BATES		Moenie bereken nie
EKWITEIT EN LASTE		
GEWONE AANDEELHOUDERS-BELANG		Moenie bereken nie
Gewone aandeelkapitaal	Verwys na aantekeningtotaal (2.5)	10 317 196
Behoue inkomste	Verwys na aantekeningtotaal (2.5)	1 911 357
NIEBEDRYFSLASTE		Moenie bereken nie
Lening by Makete Bank	(2 477 189 – 243 036)	2 234 153
Bedryfslaste		Moenie bereken nie
Handelskrediteure		7 173 415
Huidige gedeelte van die lening		243 036
Uitgestelde inkomste		2 741
Aandelhouders vir dividende		191 800
SAID: Inkomstebelasting	(186 189 (2.3) – 59 080 aans7)	127 109
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		Moenie bereken nie

(33 minute)

- 3.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2022. Waar aantekeninge nie verlang word nie, toon berekeninge tussen hakies om gedeeltelik punte te verdien.

KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIVITEITE	Moenie bereken nie
Kontant uit bedrywighede gegenereer (3.2)	21 251 000
Rente betaal	(3 095 000)
Dividende betaal (–112 000 – 2 228 680 + 78 000)	(2 262 680)
Belasting betaal (–1 148 000 – 2 241 120 + 416 000)	(2 973 120)
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIVITEITE	Moenie bereken nie
Aankoop van vaste bates	(15 327 000)
Kontant ontvang uit beleggings wat uitkeerbaar geword het	□ 5 055 000
Opbrengs uit verkoop van vaste bates (3.1)	4 135 000
Opbrengs op die verkoop van beëindigde bedrywighede	54 000
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE	Moenie bereken nie
Terugkoop van aandele (6 710 000 – 6 061 000 = 649 000 + 1 659 200)	□ (2 308 200)
Betaling van verbandlening (14 682 000 – 3 095 000)	(11 587 000)
Opbrengs op verbandlening (27 577 000 + 14 682 000 – 3 095 000 – 35 396 000)	□ □ 3 768 000
NETTO VERANDERING IN KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE	□ (3 290 000)
Kontant en kontantekwivalente: begin van jaar (12 114 000 – 2 095 000)	10 019 000
Kontant en kontantekwivalente: einde van jaar (7 950 000 – 1 221 000)	6 729 000

3.4 Cules Bpk verkoop spaarseëls. Klante koop hierdie seëls aangesien dit hulle sal help om klein bedrae geld te spaar wat hulle op 'n later stadium vir Kersfees-kruideniersware kan inruil.

3.4.1 In die Algemene Grootboek-rekeninge sal die verkope van spaarseëls anders hanteer word as die verkope van goedere. Verskaf 'n rede ter staving van waarom dit anders hanteer sal word.

- Opbrengs uit die verkope van spaarseëls word aanvanklik erken as inkomste vooruit ontvang (uitgestelde inkomste).
- Inkomste word erken as verkope van handelsware wanneer die spaarseëls afgelos word.
- Opbrengs uit die verkope van spaarseëls gee klante die reg om goedere of dienste in die toekoms te ontvang.

3.4.2 Hoe moet hierdie kontantontvangstransaksies in die boeke van die maatskappy opgeteken word wanneer die klante spaarseëls by die maatskappy koop? Dui die **TWEE** grootboekrekeninge aan wat beïnvloed sal word.

- Debiteer: Bankrekening
- Krediteer: Verkope van spaarseëls-rekening ☐ **Of Kt Uitgestelde inkomste** ☐

3.5 Hoe moet die transaksies in die boeke van die maatskappy opgeteken word wanneer die klante die spaarseëls gebruik om goedere en dienste by die maatskappy te koop? Dui die **VIER** rekeninge aan wat beïnvloed sal word.

- | | |
|--|---|
| <ul style="list-style-type: none"> • Debiteer: Verkope van spaarseëls-rekening • Krediteer: Verkope ☐☐☐☐☐☐☐☐☐☐ Of Dt Uitgestelde inkomste | <ul style="list-style-type: none"> Kt Verkope |
| <ul style="list-style-type: none"> • Debiteer: Koste van verkope • Krediteer: Handelsvoorraad/voorraad | |

3.6 Identifiseer die finansiële staat en item wat die onderneming sal gebruik om die waarde van die ongebruikte spaarseëls op 30 Junie 2022 te openbaar.

- Die waarde van die ongebruikte spaarseëls wat deur die klante gekoop is, sal in die staat van finansiële posisie opgeteken word onder handels- en ander bedrae betaalbaar as inkomste vooruit ontvang (uitgestelde inkomste). En indien sê bedryfslaste ook 'n punt.

3.7 Die maatskappy het "Werknemervoordeeltoevallings" in die aantekening vir handels- en ander bedrae betaalbaar ingesluit. Noem **TWEE** items wat deel sal vorm van werknemervoordeeltoevallings.

- Krediteure vir lone en salarisse
- WVF-bydraes + aftrekkings nie aan die Departement van Arbeid betaal nie
- Bydraes tot Pensioen-/voorsorgfonds + aftrekkings nie aan die fonds betaal nie
- Bydraes tot mediese fonds + aftrekkings nie aan die mediese fondssmaatskappy betaal nie
- Groeplewensbydraes + aftrekkings nie aan fonds betaal nie
- Enige twee rekeninge/items

VRAAG 4**VERVAARDIGING****(25 minute)****Verwys na die inligting aangaande Boots for Africa.**

4.1 Bereken die totale direkte arbeidskoste vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Let wel: Toon ondersteunende berekeninge.

Voorlopige totaal (laaste week van finansiële jaar uitgesluit)	1 023 797
Normale tyd: $20 \times 24 \times 24$	□ 11 520
Normale tyd: $20 \times 6 \times 36$	□ 4 320
Oortyd: $5 \times 16 \times 48$	□ 3 840
WVF-bydrae $(11\,520 + 4\,320) \times 1\%$	□ 158,40
Vaardigheidsontwikkelingheffing $(15\,840 \times 1\%)$	□ 158,40
Pensioenfondsbydraes $(15\,840 \times 15\%)$	□ 2 376
Mediese fondsebydraes $(15\,840 \times 10\%)$	□ 1 584
Finale jaareinde totaal vir arbeidskoste	1 047 753,80

4.2 Voltooi die aantekening vir direkte materiaalkoste vir die jaar geëindig 31 Junie 2022.

Let wel: Toon ondersteunende berekeninge.

Beginvoorraad	80 100
(RM $20,50 \times 900 \text{ m}^2 \times$ R3,46)	
Aankope $(967\,680 - 50\,850 + 63\,837)$	980 667
Vraggeld op aankope	6 030
Eindvoorraad	(72 900)
Grondstowwe aan fabriek uitgereik	993 897

4.3 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 30 Junie 2022 op.

Let wel: Toon ondersteunende berekeninge.

Primêre koste	2 041 650,80
Direkte arbeid (verwys na 4.1)	1 047 753,80
Direkte materiaal (verwys na 4.2)	993 897
Fabrieksbo-koste	588 353
Totale koste van produksie	2 630 003,80
Goedere-in-bewerking aan die begin van die jaar	1 233 000
Goedere-in-bewerking aan die einde van die jaar	(908 603,80)
Koste van klaarprodukte (4.4)	2 954 400

4.4 Voltooi die aantekening vir die produksiekoste van klaarprodukte verkoop.

Beginvoorraad klaarprodukte	216 000
Produksiekoste van klaarprodukte gedurende die jaar geproduseer (4.3)	2 954 400
Eindvoorraad klaarprodukte (balanseersyfer)	(167 400)
Koste van klaarprodukte verkoop ($4\,004\,000 \times 100/133\frac{1}{3}$)	3 003 000

4.5 Stel **TWEE** maniere voor waarop Boots for Africa direkte materiaal koste kan verminder.

- Maak seker daar is geen verspilling wanneer die leer vir die stewels uitgesny word nie.
 - Soek 'n plaaslike verskaffer van leer waar die gehalte gewaarborg kan word.
- Enige geldige antwoord.

4.6 Bereken die veranderlike koste per eenheid.

$$(2\,041\,650,80 \text{ (4.3)} + 285\,000) / (4\,004\,000/250,25)$$

$$2\,326\,650,80 / 16\,000 = 145,42$$

4.7 Bereken die gelykbreekpunt vir die jaar geëindig 30 Junie 2022.

$$\frac{(588\,353 + 340\,000)}{(250,25 - 145,42 \text{ (4.6)})}$$

$$\frac{928\,353}{104,83}$$

$$= 8\,856 \text{ pare stewels}$$

4.8 Moet Boots for Africa tevrede wees met die huidige vlak van produksie? Motiveer jou antwoord deur relevante syfers in te sluit om jou antwoord te ondersteun.

Ja.

Die onderneming het 16 000 ($4\,004\,000 / 250,25$) pare stewels – 7 144 ($16\,000 - 8\,856$) bo die verlangde gelykbreekpunt geproduseer. Onderneming maak dus 'n wins.

Totaal: 200 punte